Laerskool Roodekrans

BRIEF: 20160937

20 September 2016

NETBALKLINIEK

2016

SPORTISIMO

Geagte Ouer

"BELÊ IN DIE TOEKOMS VAN ROODEKRANS SE NETBAL"

Laerskool Roodekrans bied weer soos in die verlede ons jaarlikse **Netbalkliniek** in die 4de kwartaal aan. Hierdie kliniek begin op Woensdag **12 Oktober** en duur tot **23 November** en is vir speelsters van 0/6 tot 0/12. Dit sal op **Maandae** en **Woensdae** by ons skool aangebied word. Die oefensessies is intensief en word professioneel aangebied.
Hierdie kliniek word aangebied deur Dr. Elsje Jordaan en haar span bekwame afrigters.
Indien dit sou reën, sal 'n alternatiewe reëling getref word.

GROEPSINDELING: Hang af van hoe groot die groepe van die verskeie ouderdomme gaan wees

TYE: Sal bevestig word sodra ons weet hoeveel speelsters die kliniek gaan bywoon!!

KOSTE: R500 per speelster. (Stuur asb. in 'n koevert met kind se naam, graad en ouderdom na Juf. Suzanne Fourie – T1. U kan ook 'n elektroniese betaling maak. Onthou asseblief om u kind se naam, van en huidige ouderdomsgroep as verwysing te gee.)
Betaalbaar voor of op 12 Oktober 2016.

Benodigdhede:
Speelsters moet asb. 'n netbal, 'n tennisbal en 'n springtou saambring oefening toe.
Onthou sonroom, eie waterbottel en 'n gesonde "snack".

Doelwitstelling van die afseisoen:
Bemeestering en verbetering van alle netbalvaardighede.

- Balvaardighede (Vang en gooi)
- Voetwerk, spoedwerk ens.
- Ontwyking, Verdediging ens.

Ons doen asseblief 'n beroep op elke netbalspeelster om hierdie kliniek by te woon.

Groete

S. FOURIE	**M. SWANEPOEL**	**G. G ROUSSEAU**
ORGANISEERDER	**SPORTHOOF**	**HOOF**

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net

Laerskool Roodekrans

LET WEL:

INSKRYWINGS VIR NETBALKLINIEK SLUIT OP
DINSDAG, 27 SEPTEMBER 2016

Alle afskeurstrokies moet by

Juffrou Suzanne Fourie ingehandig word!!!!

AFSKEURSTROKIE: NETBALKLINIEK 12 OKTOBER – 23 NOVEMBER 2016

My kind _____ 0/_____ in Gr._____

gaan die netbalkliniek bywoon.

Metode van betaling:

EFT in skoolrekening (onthou asb. verwysings) ☐

Kontant ☐

HANDTEKENING: _____DATUM: _____

OUERS SELNO. (Ma) _____

(Pa) _____

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net